Ges. 1:1-3
Ges. 94: 1,(3).
Ps. 25: 2,7
Ges. 62: 3

Alkp 5.2.60.

# AAN DIE VOETE VAN JESUS. Potch K.
(Jesus as Leermeester). 5.2.56.
Matt. 5:1-12, 7 :24-29.
28:16-20.

Doop: Gen. 43:8 n.

Matt. 5:2 - en Hy het sy mond geopen en hulle geleer....
Matt. 28:19c - en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Daar is 'n baie groot verskil tussen 'n prediker en 'n leermeester; want waar die prediker gewoonlik voor die massas optree, daar spits die leermeester hom toe op die enkeling; waar die prediker sy grootste invloed in die openbaar laat geld, daar lê die leermeester se grootste krag in die afsondering; Kansel - Klaskamer.

As ons nou aan Jesus Christus dink, dan sien die meeste mense Hom gewoonlik as dié prediker van alle eeue, maar vergeet dat Hy ook leermeester, opvoeder by uitnemendheid was. In albei hierdie dinge was Hy uniek, enig, onoortreflik; die grootste prediker en ook die grootste leermeester van alle tye. Want toe die Fariseërs ~~soldate~~ dienaars gestuur het om Hom in die tempel te vang het hulle terug gekom en uitgeroep: "Nooit het 'n mens gespreek soos hierdie mens nie". En toe Jesus klaar was met die onderrig van sy disiepels in sy Bergrede, lees ons (Matt. 7:29)- "En toe Jesus hierdie woorde ge-eindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie".

Ons wil dan vanoggend Jesus probeer sien as leermeester; ek wil u nooi om soos 'n Maria aan sy voete te gaan sit en sy stem te hoor. Ons let vervolgens op:

## I. DIE OMVANG VAN JESUS SE LERING:

Enigiemand wat die vier Evangelies aandagtig deurlees, sal dadelik opmerk watter belangrike en uitvoerige plek Jesus gegee het aan onderrig en lering. Soosdie profete van ouds het Jesus ook rondom Hom 'n groepie van disiepels vergader om hulle stelselmatige en deeglike onderrig te gee. Aan elkeen van hulle

het....

Hy besondere aandag gegee - om hulle geaardhede en persoonlikhede te leer ken en hulle sodoende individueel te benader. Hoe belangrik Hy hierdie werk van persoonlike onderrig en opvoeding geag het, kan afgelei word van die tyd aan sy disiepels bestee: baie meer as aan sy openbare prediking. So het Hy sy disiepels geleer deur gelykenisse wat Hy altyd uitvoerig verklaar het wanneer hulle dit nie verstaan het nie; so het Hy hulle geleer bid; so het Hy hulle met die tyd geleer preek, wonderwerke doen, siekes gesond maak en so meer. Is dit dan 'n wonder dat in sy laaste groot opdrag voor sy Hemelvaart Hy dit sy disiepels op die hart gebind het:"En leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"?

Dieselfde metode van lering en onderrig word deur Petrus na Pinksterdag gevolg ( Hand. 4:2, 5:21) en van Paulus lees ons elke keer dat hy die gemeentes onderrig het ( vgl. sy toespraak aan die ouderlinge van Efese in Hand. 20: 18 en 20 - "om dit aan julle te verkondig en julle te onderrig in die openbaar en in julle huise"), omdat hy so goed besef het hoe noodsaaklik die kennis van Jesus Christus was: (Fil 3:8-„Waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus").

Dis dan ook vanselfsprekend dat ~~uit~~ op voetspoor van hierdie aangrypende voorbeeld van ons Meester en sy volgelinge die Kerk van Christus deur die eeue erns gemaak het met sy godsdiens- en kategetiese onderrig.

En nou is dit opvallend hoe baie lidmate daar vandag is wat kom sê:"Die groot saak is tog nie die kennis nie, maar bekering; 'n mens kan die hele Bybel ken en nog 'n rou heiden bly". Dat daar ~~ongelukkig~~ sulke mense is, is ongelukkig waar - maar dit neem niks weg van die waarheid dat geloof alleen ontspruit waar daar beide 'n gewisse kennis van God en sy beloftes is en 'n hartlike vertroue dat al my sondes my om Christus wil vergewe is. Sonder kennis dus, is geloof nie moontlik. Ek moet eers weet, dan kan ek doen. Rom. 10:14 - Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe hoor sonder ... preek?

## II. DIE KENMERKE VAN JESUS SE LERING:

Hoe meer ons nadink oor Jesus se metode van sy onderrig, hoe wonderliker word dit vir ons. Wil dit opsom in drie woorde: GEKenmerk deur: Eenvoud, egtheid, eerlikheid.

(i) Eenvoud: Die diepste waarhede oor God, die ewigheid, verlossing, die hiernamaals het Hy so voorgestel dat die kleinste kind dit kon verstaan, en tog ook so dat die grootste wyse dit nie kon deurgrond nie. Om dit te bereik gebruik gemaak van die mees alledaagse beelde om Hom heen: die visnet, die saailand, die skaapwagter, die wingerd, die lelies van die veld, die mossies ....

(ii) Egtheid: In sy werk van onderrig en opvoeding het Hy indrukke gelaat wat die eeue nie kon uitwis nie - eenvoudig omdat elkeen wat hom gehoor het, instinkmatig besef en gevoel het: hierdie Persoon glo en leef uit elke woord wat Hy sê. Sy hele houding, sy stem, sy voordrag: alles het getuig van een ding: EG Is dit 'n wonder dat duisende aan sy lippe gehang het?

(iii) Eerlikheid: Die mees uitdagende van sy onderrig, egter was die feit van sy blanke en onverskrokke eerlikheid. Nooit het Hy die waarheid verswyg terwille van populariteit; nooit het Hy sy morele standaarde verlaag terwille van getalle nie. Altyd was dit by Hom : Alles vir God - of niks! (Vgl, die ryk jong man)

i) As ons dink aan Christus se eenvoud van lering, dan kom die versugting uit ons harte: Ag, "Here, leer my ook daar die goddelike kuns dat ek as ouer vir my kind, as Sondagskoolonderwyser in my klas, as katkisasiemeetser my jongmense so kan leer!" En as ons dan soms in moedeloosheid vra: MAAR HOE? dan antwoord die Meester: KRY MY LIEF; en KRY JOU MEDEMENS LIEF; ja: KRY DIE KIND LIEF - en Gods Gees sal jou self leer hoe!

ii) En as ons dink aan Christus se egtheid dan roep ons uit: O, Here, leer my die geheim van egtheid, van natuurlikheid - want dan sal ander nie net luister nie, maar ook volg! Hoe? — Aan sy voete sit!

En as ons dink aan Christus se eerlikheid dan begryp ons dat dit dwaas is om te sê: Ag, moenie so nousienend wees nie; verlaag maar die Christelike standaarde vir toetrede tot die kerk; as julle dit nie doen nie, loop die mense tog oor na ander kerke of sektes". Nee: nooit mag ons eis hoër wees as Christus s'n nie - maar net so min mag ons dit laer stel as Christus dit gestel het vir ingang in sy koninkryk! Want die kerk wat dit doen, gaan'n gewisse dood tegemoet! (Wy uit oor die eis i.v.m. kategetiese onderrig). (Hosea 4:6).

III. DIE DOEL VAN JESUS SE LERING:

Maar ons verstaan eers die wonder van Jesus se onderrig as ons vra: Waarom het Hy dit gedoen? Wat was sy doel met dit alles?

(i) Om aan die mens 'n nuwe gesig van die drie-enige God te gee: Gaan sit weer aan die voete van Jesus - en luister na sy woorde en sien hoe Hy 'n nuwe, goddelike vergesig skilder van die Vaderskap van God, van sy doel met die mens se lewe en bestaan; hoe Hy die verlossingsplan van Christus met die mens ontvou as die Goeie Herder wat kom soek om te red die wat verlore is; hoe Hy die Heilige Gees kom voorhou in al sy vertroosting aan vermoeide en belaste siele. En as Jesus klaar geleer het, vra dan vir uself af: Het ooit iemand gespreek soos hierdie Man?

(ii) Om die mens te bring tot 'n algehele oorgawe van hart en lewe: Maar vir die Meester was dit nie genoeg dat die mens net moes weet wie God is nie - Hy moes ook leer om voor die ware God te buig; om dié God te aanbid as die god van sy hele lewe en bestaan! Daarom was Jesus se mededeling van kennis nooit bedoel om net die verstand te vul nie, maar altyd om die harte te vernuwe! Vir Hom was dit nie genoeg dat iemand gesê het: Ek sien en verstaan - nee: hy moes ook daar kom waar hy kon uitroep as hy in aanbidding neerval: MY HERE EN MY GOD!

Net so sterk as ons in die eeste deel van ons boodskap vanoggend die klem laat val het op kennis van die weg van saligheid, van die persoon en werk van Jesus as Verlosser en Heiland, net so sterk beklemtoon ons nou weer die ander waarheid: d ie noodsaaklikheid dat na die onderrig die soekende siel gelei word om te kom tot 'n duidelike en onbetwisbare beslissing van toewyding en oorgawe aan die God van sy lewe! En wee die kerk, die gemeente, of die ouer wat homself aan die slaap sus met die valse gerustheid van die gedagte: Gee die kennis alleen - en alles is wel!

(iii) Om elke leerling te lei om ook leermeester te word: Weer herinner ons u aan ons tekswoord: „En leer hulle om te onder hou alles wat Ek julle beveel het". Dit was die einddoel van Jesus se onderrig en goddelike lering: dat sy disiepels apostels sou word, dat elke leerling 'n meester sou word - om die Goeie Tyding verder te dra tot aan die uiterste eindes van die aarde. Hoe volmaak Hy daarin geslaag het, blyk uit die feit dat Hy in minder as drie jaar met twaalf alledaagse mense, waarvan die meeste geen geleerdheid of besondere begaafdheid besit het nie, binne 'n halwe eeu die hele wêreld omgekeer het .... en dat daardie werk nog elke dag verder gaan..... en dit alles omdat Hy tyd gehad het vir die paar, vir die enkeling!

Verstaan u nou, volgelinge van die Meester, wanneer ons aan u en aan ons kinders en jongmense in huis, die Sondagskool en die katkisasieklasse die groot belang van troue, toegewyde en geinspireerde onderrig kom beklemtoon? Sien u hoe ver hierdie onderrig gaan strek en hoe onberekenbaar groot hierdie invloed gaan wees? Verstaan u wat as ouers en as leermeesters in huis, dagskool en S.S.skool optree, dat God aan u 'n taak toevertrou wat in sy wese werk vir die ewigheid is? G'n groter werk op aarde!

'n Gemeente wat hierdie waarheid ~~snap~~ vat en toepas is besig met die grootste wer op aarde: bouwerk aan die koninkryk van God, besig om te bou aan 'n lewenskragtige kerk. Maar om dit te kan doen is ~~een ding~~ voor alles nodig:

OM LANK EN AANDAGTIG TE GAAN SIT AAN

DIE VOETE VAN JESUS.

Amen.